



# Ter wille van ons oorlewing

**Feit: Daar is te veel mense op aarde. Vraag: Wat kan en moet daaraan gedoen word om dit onder beheer te kry? Jurie van den Heever en Chris Jones reken die bemagtiging van vroue kan 'n sleutelrol speel.**

**D**ie aantal mense op aarde en hul aktiwiteite neem skrikwekkende afmetings aan, met wydlopende gevolge vir ons planeet, sy biodiversiteit en uiteindeelik onself.

Tienduizend jaar gelede het die mens 1% van die totale massa van alle landwereldiere verteenwoordig. Die res was wilde diere. Tans vorm ons, ons vee en ons troeteldiere 99% van die landwereldiere se massa, terwyl die wilde diere slegs 1% verteenwoordig.

Hierdie drastiese afname in natuurlike biodiversiteit is uiters ongesond en veroorsaak dat 'n wye reeks ekologiese sisteme vir die mens ontoeganklik word, of heeltemal ineenstort. Kortom, ons aktiwiteite het die biodiversiteit van die planeet onherroeplik verander.

Hoekom hieroor bekommerd wees as talle massa-uitsterwings in die oerlede die aarde se biodiversiteit in elk geval drasties en permanent verander het?

Dit was voor ons tyd en kan deurgaans aan 'n verskeidenheid natuurlike oorsake toegeskryf word. Alle lewe is nie uitgewis nie en met tyd het 'n gesonde biodiversiteit weer tot stand gekom. En ons voorsate in die verre verlede was maar dun gesaai en dus nie by magte om hul wil op die natuur af te dwing nie.

Die moderne mens met sy ontwikkelde brein het egter sy teenwoordigheid op die aarde en die uitbuiting van hulpbronne baie lank as sy onaantasbare reg gesien.

## Vooruitgang skep probleme

Die mens se invloed tans ten opsigte van byvoorbeeld bevolkingsgroei en besoedeling versteur die aarde se natuurlike ritme tot so 'n mate dat ons nou nie meer kan hoop op 'n kitsoplossing nie.

Ons getalle neem teen so 'n tempo toe dat ons nie net nadelig vir die planeet is nie, maar ook vir onself.

In 'n opregte poging om die mensdom te voed, verslaaf ons onself aan die vestiging van monokultuur in die landbou. Ons wy ongekende tyd en energie aan die voortbestaan van 'n beperkte groep plante en diere, soos die graankose en mak vee wat ons eet.

Ons verseker hul voortbestaan ten koste van ander organismes wat uitgeroei word om 'n geskikte teelaarde te skep waar hulle voortdurend op groot skaal versorg en beskerm word.

Loopbane en die tegnologie van internasionale konglomerate word aan hul welstand en veredeling gewy, ook middels om hulle gesond en plaagvry te hou sodat heilsame voedsel op die tafel kan beland.

Verder dra die mediese wetenskap by dat meer babas oorleef en



Foto: PIXABAY

ons toenemend langer leef. Al hierdie voordele versnel egter die bevolkingsgroei.

Ons is die enigste organisme tot nog toe wat kan nadink oor wat ons rol in die natuur behoort te wees, asook die nadelige uitwerking wat ons huidige getalle op die planeet en die mensdom self het.

Dit is ook nie 'n uitgemaakte saak dat ons, soos sommiges beweer, iewers in die toekoms op 'n verwoeste aarde in kunsmatige kolonies of miskien elders in die kosmos sal kan voortbestaan nie.

## Hoë ernstig is die situasie?

Hierdie is nie 'n poging om vir mense voor te skryf wat hulle mag en nie mag doen nie. Dis 'n kwesie van besorgdheid oor die aarde, en luister na wat vroue beger en toekom, rakende hul lewe.

Hier is 'n paar ontungterende feite oor bevolkingsaanwas:

■ Dit het eene geneem vir die wêreldbevolking om 1 miljard te bereik teen 1890, maar teen 1960 was dit 3 miljard. Vandag leef 7,5 miljard mense op ons planeet.

■ Daar word weklíks 1,5 miljoen mense tot die wêreldbevolking gevoeg, en daar is 'n 95%-kans dat die wêreldbevolking teen die einde van hierdie eeu 9,6 miljard tot

13,2 miljard kan wees – ondanks die afname in sommige lande.

■ Die bevolking van die 47 mins ontwikkelde lande sal tussen 2017 en 2100 na alle waarskynlikheid tot ongeveer 3 miljard verdriedubbel.

■ In Suid-Afrika is tans 56,7 miljoen mense – 0,75% van die wêreldbevolking. Ongeveer 64,3% (36,5 miljoen mense) woon in stedelike omgewings.

■ Die gemiddelde ouderdom van Suid-Afrikaners tans is 26 jaar.

■ Die Suid-Afrikaanse vrugbaarheidsyfer is 2,41. Teen 2050 kan daar 72,7 miljoen mense in Suid-Afrika wees, en die stedelike bevolking kan toenem tot 54,5 miljoen, met gepaardgaande druk op die infrastruktuur (soos watervoorsiening, sanitasie en mediese dienste).

Met bogenoemde in gedagte is dit te verstaan dat daar wêreldwyd 'n toenemende behoefte aan beter gesinsbeplanning is. Ongelukkig het ongeveer 220 miljoen vroue nie toegang hiertoe nie.

## Wat kan gedoen word?

Die bevolkingsgroei kan tot 'n redelike mate hokgeslaan word deur veral meer meisies toegang tot onderwys en onderrig te gee.

Daar sal ook heelwat meer gedoen moet word rakende seks-

opvoeding, vroueregte sal daadwerklik bevorder moet word, en daar sal beter voorsiening en gebruik van voorbehoeding moet wees.

As alle meisies die geleentheid het om 12 jaar se onderwys te ontvang, sal kindertroues met 64% afneem. Daar is ongeveer 130 miljoen meisies wêreldwyd wat tans nie skoolgaan nie, van wie die meeste tussen 15 en 17 jaar oud is.

Waar meisies goeie onderwys kry, het Thailand en Suid-Korea in die onlangse verlede bewys, daal geboortesyfers.

In Afrika het vroue wat geen onderwys ontvang nie, gemiddeld 5,4 kinders; vroue wat hoërskool voltooi 2,7; en vroue wat tersiêre studeer het 2,2.

In Nigerië sny elke jaar van skoolbywoning die geboortesyfer met 'n tiende.

Diskriminasie teen vroue gaan egter wêreldwyd voort. Kinder- en vroeë huwelike, gedwonge huwelike, geweld, en meisies wat onderwys en vroue wat werkgeleenthede ontse word, kom wyd voor.

Dit beperk vroue se geleenthede om ekonomies onafhanklik te funksioneer of posisies van outoriteit in die samelewing te bereik.

Wêreldwyd was een uit elke vier



**In Afrika het vroue wat geen onderwys ontvang nie, gemiddeld 5,4 kinders; vroue wat hoërskool voltooi 2,7; en vroue wat tersiêre studeer het 2,2.**

jonggetroues kinderbruide. En, soos bewys, gee vroeë huwelike feitlik sonder uitsondering aanleiding tot groot gesinne. In sterk patriargale gemeenskappe word die vrou te keuse oor hoeveel kinders sy wil hê, ook ernstig beperk.

## Armoede en bemagtiging

Ter wille van die mens se voortbestaan en die volhoubaarheid van die aarde moet geregtigheid ten opsigte van die ekologie en ekonomie, geslagsgelykheid en die bemagtiging van vroue aangemoedig word.

Dit impliseer die geleentheid tot volle deelname aan onderwys vir alle meisies; dat vroue gelyke kans in persoonlike en gesinsbesluite, veral rakende swangerskap, gegun sal word; en dat kinderhuwelike wat vroue dikwels verhoed om 'n eie beroep te volg, ontmoedig sal word. Bemagtigde vroue verkies in die meeste gevalle om kleiner gesinne te hê.

Die Guttmacher Instituut beweer dat 200 miljoen vroue 'n behoefte het aan die gebruik van moderne voorbehoeding, maar dat hierdie behoefte (om verskeie redes) nie realiseer nie, met gevolglike ongewenste swangerskappe (tot 40%).

Armoede en ongelukkig dra by tot groot gesinne, maar word ook verhoog daardeur.

Ongeveer 1 miljard mense wêreldwyd leef in ekstreme armoede. Sulke mense het gewoonlik baie kinders omdat geglo word die kinders kan eendag na hul ouers omsien. Dit vererger egter in die meeste gevalle armoede.

Mislukte en kwesbare state het normaalweg ook 'n hoë geboortekoers.

Daar is te veel mense op aarde en iets sal gedoen moet word!

## ■ Bronne:

[www.populationmatters.org/](http://www.populationmatters.org/)  
<http://bit.ly/2vXKJqz>  
<http://bit.ly/291lFG>

*Dr. Van den Heever is 'n paleontoloog aan die Universiteit Stellenbosch, en dr. Jones is 'n teoloog verbonde aan die Universiteit Stellenbosch.*

